

## GEBEDSFOKUS

Ons dank ons Hemelvader vir die wonderlike seën van voortdurende gebed, dat ons alles voor Hom kan neerlê. Eer Hom vir al die seëninge en gebede wat verhoor is. Saam met Dawid loof ons Hom vir Sy liefde, dat Hy ons rots is by wie ons kan skuil en ons Verlosser is. Ons dank Hom vir ons gemeente, ons leraars en alle geestelike seëninge.

Ons bid vir die standdiensspan - beskerming, leiding van die Heilige Gees en seën en dat baie kinders/jongmense bereik sal word en hulle hulle lewens aan Jesus sal gee en groei in hulle verhouding met Hom.

Bid teen die misdaad, vir polisie en sekuriteitsmense.

Bid vir al die predikers en dienste gedurende die vakansie – mag baie mense bereik en geseën word.

Mag elkeen die tyd bewus word van die hoogte, wydte en diepte van God se liefde en ons inspireer om ook gehoorsaam liefde sigbaar te maak aan almal en ons lewens opnuut aan Hom toewy.

God het altyd tyd om te luister as jy tyd het om te bid.

## Uit die Beek

Die lidmate wat *Uit die Beek* bestel het en dit nog nie gekry het nie, kan dit nou kom haal by die kerkkantoor

## JANNIE DU TOIT

Jannie du Toit tree op Donderdagaand 20 Desember in die Hangklipsentrum in Bettysbaai op. Die kaartjies kos R100 en is by die wyksouderlinge in Hangklip, by beide apteke, by SASOL en by die kerkkantoor beskikbaar. Bestel voor 12 Desember koeldrank en worsrol teen R30 of slegs koeldrank teen R10 en slegs worsrol teen R25. Voor die konsert en gedurende pouse beskikbaar.



## DEUR GOD

die bron  
van lig en lewe

## LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

### Leraars:

S Sass 072 352 8347  
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279

drchrismalan@outlook.com

Webwerf: [www.ngkkleinmond.co.za](http://www.ngkkleinmond.co.za)

# 9 Desember 2018

## Welkom by die Erediens



08:30 Kerksaal - Dr. Chris Malan  
09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass  
09:30 Kerkgebou - Ds. Hendrik Saayman

Deurkollekte: Stranddiensspanne

Die besonderhede van die eredienste  
van 16 Desember 2018 tot 6 Januarie 2019  
word in die Vakansieprogram gegee

## KERSWENSE UIT DIE KERKKANTOOR

'n Vreugdevolle Christus-fees vir alle lidmate. Baie dankie vir al die vriendelikheid en bederf wat ons so deur die jaar van lidmate ervaar wanneer hulle by die kantoor kom. Ons waardeer elke inloer.

## ONS GEE OM



### WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Veral aan: Ezette Swanepoel: PM1,

Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1,

Johan Els: Sa1, Eric Bester: Sb1, Johan Loubscher: Sb1,

Riti Turner KB1 (☎4917), Marianne Oosthuizen: KP,

Frikkie van der Watt: BB1, en

Santie Pienaar: BB3 (☎9023).

Ons dink baie spesiaal aan Rina Zeeman en haar familie na Ernst se dood. Mag hulle die Here se teenwoordigheid op 'n besondere manier ervaar.

### .. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

**Baie geluk** aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar:

Adri Basson (PM3), Maresa Botha (KB5),

Inette Cloete (KB5), Marianne de Wet (Ba1),

Hein Eybers (PB1), Daniël Nel (BB4),

### KERKKANTOOR-URE

Vanaf 16 Desember is die kerkkantoor slegs tussen 09:00 en 11:00 oop. Vrydae is die kantoor gesluit.

### KANTOOR-URE IN 2019

**Volgende jaar verander die kerkkantoor-ure:**

**Maandag, Dinsdag en Donderdag: 10:00 – 13:00**

**Woensdag: 10:00 – 13:00 en 16:00 – 18:00**

**Vrydae gesluit.**

**Van volgende Sondag af is daar  
twee dienste in die kerkgebou:  
08:15 en 10:00**

## BORDE KOS OP 26 DESEMBER

In ons gemeente en gemeenskap het ons die mooi gebruik om op 26 Desember borde kos en nagereg aan minderbevooregtes uit te deel. Die gedagte is dat almal op Kersdag 'n ekstra bord kos (of twee) skep en dit dan op 26 Desember by die gemeenskapsaal (langs die kliniek) in Proteadorp aflewer. Ons gee die beste, nie die oorskiet nie. Die borde en alle inligting is van volgende Sondag af by die verskillende dienste beskikbaar. Net om die koste te dek, word die borde teen R5 verkoop. Dit is ook deur die week by die kerkkantoor beskikbaar.

Hierdie jaar wil ons graag saam met elke bord 'n geestelike boek of Bybel uitdeel. As lidmate boeke het wat hulle kan skenk (Afrikaans, Engels, Xhosa) kan dit by die kerkkantoor afgegee word.

## LAASTE KERKKLOK

Hierdie is die laaste Kerkklok vir 2018.

Baie dankie aan Renske Jacobs en Hettie Rust wat getrou elke week die Kerkklokke vou. En dit selfs laat klink asof dit vir hulle louter vreugde is..

## HEININGKLOOF WOEKER



Heuningkloof maak boereworsrolle by die strandmeer van 10 tot 21 Desember tussen 10:00 en 15:00. Kom kuier 'n bietjie op die strand en koop sommer 'n boereworsrol vir ete. Of gee jouself af vir 'n maaltyd nou en dan en kom koop van die boereworsrolle. Kom ondersteun asseblief!